# GOEIE WENSE VAN SY EKSELLENSIE DIE GOEWENEUR-GENERAAL

EK het met belangstelling verneem van die plan om 'n Historiese Tydskrif die lig te laat sien. Dit kan 'n baie belangrike rol vervul in ons samelewing. Gebrek aan kennis van ons geskiedenis beteken minder bekwaamheid om die probleme te verstaan waarmee ons land te doen kry. As die voorgestelde tydskrif gaan help om hierdie gebrek aan te suiwer, sal hy 'n groot diens aan Suid-Afrika bewys.

Die gebeurtenisse van die hede is gewoonlik gewortel in die geskiedenis van die verlede. Daarom is 'n kennis van daardie geskiedenis so noodsaaklik, vernaamlik in die soek na die oplossing van die probleme van vandag.

'n Mens dink onwillekeurig aan die laaste boodskap van president Kruger aan sy volk waarin hy hulle aanspoor om die toekoms te bou op alles wat skoon en edel te vind is in die geskiedenis van die verlede.

Ek wens die Historiese Genootskap alle sukses toe in sy onderneming.

E. G. JANSEN

Goewerneurswoning,
Kaapstad.
16 Maart 1956.

I HAVE learnt with interest of the intention to issue a Historical Publication. This can fulfil an important roll in our society. The lack of knowledge of our history makes it more difficult to understand the problems which our country has to face. If the proposed publication is going to help to remedy this deficiency it will render South Africa a great service.

The happenings of the present time are usually rooted in the history of the past. Therefore, a knowledge of that history is so essential, especially in the search for a solution of the problems of to-day.

One cannot help thinking of the last message by President Kruger to his people in which he urged them to build the future on everything found to be noble and beautiful in the history of the past.

I wish the Historical Association every success in its undertaking.

E. G. JANSEN

Government House,
Cape Town.
16th March, 1956.



*Sy Eksellensie dr. E. G. Jansen, Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika.*